17/95

Saak nr 165/94
/MC

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPèLAFDELING)**

In die saak tussen:

**PAULINE XAPA** APPELLANT

- en -

**DIE STAAT** RESPONDENT

**CORAM:** HEFER, VIVIER et HOWIE ARR.

**VERHOOR:** 14 MAART 1995.

**GELEWER:** 24 MAART 1995.

---

**U I T S P R A A K**

---

**VIVIER AR/**

**VIVIER AR:**

Die appellant ("beskuldigde 1") het saam met twee ander ("beskuldigdes 2 en 3") in die Wynbergse landdroshof tereggestaan op 'n aanklag dat hulle op 7 Oktober 1991 en te Philippi art 2(a) van Wet 41 van 1971 ("die Wet") oortree het deur in 187 kg dagga handel te dryf. Die Wet is sedertdien herroep deur Wet 140 van 1992 wat op 30 April 1993 in werking getree het. By die aanvang van die verhoor was beskuldigde 3 afwesig en ingevolge art 159 (3) van Wet 51 van 1977 is die verrigtinge geskei en die verhoor teen beskuldigdes 1 en 2 voortgesit. Aan die einde van die verhoor is beskuldigde 2 onskuldig bevind en ontslaan maar beskuldigde 1 is skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot 'n boete van R15 000,00 of twee jaar gevangenisstraf plus 'n verdere ses jaar gevangenisstraf. Haar appèl teen haar skuldigbevinding en vonnis na die Kaapse Provinsiale Afdeling het misluk maar sy is verlof verleen om teen haar vonnis na hierdie Hof

te appelleer. By die verhoor van die appèl was daar verder voor ons 'n aansoek vir verlof om teen die skuldigbevinding te appelleer tesame met 'n aansoek om kondonasie vir die versuim om aan die tydsbepaling vervat in art 21(2) van Wet 59 van 1959 te voldoen. Beide aansoeke is deur die staat teengestaan.

Die onbetwiste feite is die volgende. Die aand van 7 Oktober 1991 het speurder-sersant Dippenaar en adjudant-offisier Gibbons na 'n drie-vertrek huis by die plakkerskamp bekend as Langdamplaas naby Philippi gegaan waar hulle vir beskuldigdes 1 en 2 in die hoofslaapkamer aangetref het. Hulle het op een van die twee beddens in die kamer gesit en gesels. Beskuldigde 1 het gesê dat die huis aan haar behoort en beskuldigde 2 het gesê dat hy slegs die aand daar kom kuier het en nie daar woon nie. Die polisie het 'n groot hoeveelheid dagga in die hoofslaapkamer gevind wat oral versteek was, onder andere in drie tasse, 'n trommel, 'n

mandjie en 'n goiingsak. Sewe stoppe dagga is in die sak van 'n baadjie wat teen die muur gehang het, gevind. In 'n laai was R340,00 in kontant. Die tweede vertrek in die huis is as 'n sitkamer gebruik en in die derde vertrek, wat Dippenaar as 'n spaarvertrek beskryf het, is drie leë tasse met oorblyfsels van daggablare daarin, gevind. Die totale gewig van die dagga was 187 kg met 'n straatwaarde van R187 000,00.

Dippenaar het getuig dat, alhoewel daar twee enkelbeddens in die spaarvertrek was, dit vir hom duidelik was dat die vertrek nie bewoon word nie. Die een matras het regop gestaan teen die muur en daar was geen tekens te vind van beddegoed of enige ander gebruiksartikels wat daarop dui dat mense daar geslaap het nie. Boumateriaal, rommel en "gemors" het oral in die vertrek rondgelê, selfs bo-op die beddens. Dippenaar het die indruk gekry dat die vertrek as 'n stoorplek vir rommel gebruik word.

Beskuldigde 1 se verweer was dat sy onbewus was van die dagga. Sy het getuig dat beskuldigde 3 en haar kind saam met haar en haar vier kinders in die huis gewoon het. Beskuldigde 3 het huurgeld betaal en het alleen in die hoofslaapkamer geslaap alhoewel haar kêrel soms by haar geslaap het. Beskuldigde 1 het getuig dat sy en die vyf kinders in die spaarvertrek geslaap het. Beskuldigde 1 se getuienis is gestaaf deur 'n staatsgetuie, Mzimkulu Magenu, wat 'n familielid van haar is en wat ook getuig het dat sy in die spaarvertrek en beskuldigde 3 in die hoofslaapkamer geslaap het. Volgens hom was die spaarvertrek die betrokke aand skoon en netjies.

Die verhoorlanddros het beide beskuldigde 1 en Magenu se getuienis as ongeloofwaardig verwerp. Daar is geen basis waarop met hierdie bevinding ingemeng kan word nie. Inderdaad blyk die landdros se bevinding volkome geregverdig te wees. Dit kom my

eerstens as totaal onwaarskynlik voor dat beskuldigde 1 saam met vyf kinders, een waarvan nie eens haar eie is nie, op twee enkelbeddens in die spaarvertrek sou slaap terwyl beskuldigde 3 alleen slaap in die groter hoofslaapkamer, waar daar twee beddens, een waarvan 'n dubbelbed, is. Die feit dat beskuldigde 3 huur betaal het, doen geen afbreuk aan die onwaarskynlikheid van beskuldigde 1 se weergawe nie. In die tweede plek is beskuldigde 1 se weergawe moeilik te versoen met die voorkoms van die spaarkamer soos dit deur Dippenaar beskryf is. Sy getuienis oor hierdie aspek is nooit deur beskuldigde 1 se regsverteenwoordiger by die verhoor betwis nie en is skaars deur beskuldigde 1 in haar getuienis weerspreek.

Na my mening is die enigste redelike afleiding van al die feite dat beskuldigde 1 bewus moes gewees het van die dagga en dat sy inderdaad handel gedryf het in dagga: óf alleen óf saam met

beskuldigde 3. Daar is geen vooruitsig van sukses in 'n appèl teen die skuldigbevinding nie, en die aansoek om kondonasie kan dus nie slaag nie.

Dit laat die appèl teen die vonnis. Die appellant was 44 jaar oud en het vier kinders van twaalf jaar en jonger gehad ten tyde van die pleging van die misdaad. Haar man is vier jaar vantevore oorlede. Sy het agt vorige veroordelings, almal vir diefstal, en is laas in Julie 1981 skuldig bevind. Sy maak 'n bestaan uit los huiswerk gedurende die week en deur te smous met hoenders gedurende naweke. Soos die landdros tereg opgemerk het, is haar finansiële posisie swak. Daar is geen moontlikheid dat sy die opgelegde boete of enige substansiële boete kan betaal nie.

In al die omstandighede meen ek dat haar vonnis buitensporig swaar is en dat 'n vonnis van ses jaar gevangenisstraf, waarvan twee jaar opgeskort word, reg sal laat geskied aan al die vereistes

van straftoemeting.

Die volgende bevel word gemaak :

1. Die aansoek om kondonasie vir die laat-indiening van die aansoek vir verlof om teen die skuldigbevinding te appelleer, word geweier.

2. Die appèl teen die vonnis slaag. Die vonnis deur die landdros opgelê, word vervang met die volgende :

   "Ses jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar gevangenisstraf opgeskort word vir vyf jaar op voorwaarde dat beskuldigde 1 nie weer daaraan skuldig bevind word dat sy gedurende die opskortingsperiode handel gedryf het in dwelmmiddels soos bedoel in art 5 van Wet 140 van 1992 nie."

W VIVIER AR.

HEFER AR)
Stem saam.
HOWIE AR)